


# NUUSBULLETIN

**FEBRUARIE 2023**

# NEWS BULLETIN

**FEBRUARY 2023**

## MAANDELIKSE PRAATJIE

**Maandag 27 Februarie 2023 @ 10h00**
**Die Waenhuis, Jagersbosch**

## WONDERWÊRELD VAN LASERS

**Prof Ilsa Basson**

James Bond, die afstand na die maan en die dikte van jou hare – hoe pas dit bymekaar? Lasertegnologie en die toepassings wat die afgelope 50-60 jaar daaruit ontwikkel het, beïnvloed ons daagliks. Ons gesels Maandag 27 Februarie 2023 oor lig, maar in die besonder laserlig. Die oorsprong, hoe dit werk en die veiligheid daarvan is interessant, maar die toepassings verstommend! Dis hier waar een van die mees bekende filmreekse, die maan en jou hare inpas. Daarbenewens bekyk ons mediese, militêre, industriële, kommersiële en vermaaklikheids-bedrywe waar laserlig aangewend word.

---

Ilsa Basson woon tans op Vleesbaai nadat sy in Desember 2021 by die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa) uitgetree het. As professor was sy sedert 2008 eers die hoof van die Department Fisika en daarna die Departement Besluitkunde (voorheen Kwantitatiewe Bestuur). In laasgenoemde is daar tot vyftien duisend studente per semester in sekere voorgraadse modules hanteer.

Haar PhD in Vastetoestand Fisika (1991) het gehandel oor die fisiese eienskappe en dinamika van die langkettingmolekules wat in wasagtige materiale soos byewas en Sasol se byprodukte voorkom. Hierdie werk het onder andere bygedra tot ’n studiebesoek aan Poznan in Pole kort na die val van die Berlynmuur, asook ’n jaar op die Berkeley kampus van die Universiteit van Kalifornië (1994).

## MONTHLY MEETING

**Monday 27 February 2023 @ 10h00**
**Die Waenhuis, Jagersbosch**

## WONDER WORLD OF LASERS

**Prof Ilsa Basson**

James Bond, the distance to the moon and the thickness of your hair – how do they fit together? Laser technology and the applications that developed from it the past 50-60 years, influence us daily. On Monday 27 February 2023 we will be discussing light, in particular laser light. The origin, how it works, and the security thereof is interesting, but die applications amazing! It is here where one of the most well-known film series, the moon and your hair fit in. In addition, we will consider medical, military, industrial, commercial and entertainment industries where laser light is used.

---

Ilsa Basson currently lives in Vlees Bay after her retirement in December 2021 from the University of South Africa (Unisa). Since 2008, she was as professor, first the head of the Department of Physics and thereafter the Department of Decision Sciences (formerly Quantitative Management). In the latter up to fifteen thousand students were handled per semester in some undergraduate modules.

Her PhD in Solid State Physics (1991) dealt with the physical properties and dynamics of the long chain molecules found in waxy materials such as beeswax and the byproducts produced by Sasol. This work contributed amongst other things to a study visit to Poznan in Poland soon after the fall of the Berlin wall, as well as a year on the Berkeley campus of the University of California (1994).

---

## BESTUURSKOMITEE VIR 2023

Nege lede is op die AJV op 30 Januarie 2023 verkies om op die bestuurskomitee van U3A Stilbaai te dien.

## MANAGEMENT COMMITTEE FOR 2023

Nine members were elected to serve on the management committee of U3A Stilbaai at the AGM on 30 January 2023. At the meeting of the committee on

Op die komitee vergadering van 6 Februarie is die volgende ampsbekleders van die komitee aangewys:

| | |
|---|---|
| Voorsitter: | Niel van Wyk |
| Ondervoorsitter: | Deon Begemann |
| Sekretaris: | Eugenie Wiggins |
| Asst-sekretaris: | Johan Buys |
| Tesourier: | Estelle van Rooyen |
| Tegniese hulp: | Karel Nel & Phil Scheffer |
| Webtuiste: | Niel van Wyk & Johan Buys |
| Addisionele lede: | Pieter du Toit & Marguerite Smit |

6 February, the following office bearers of the committee were nominated:

| | |
|---|---|
| Chairperson: | Niel van Wyk |
| Vice chairperson: | Deon Begemann |
| Secretary: | Eugenie Wiggins |
| Asst secretary: | Johan Buys |
| Treasurer: | Estelle van Rooyen |
| Technical support: | Karel Nel & Phil Scheffer |
| Website: | Niel van Wyk & Johan Buys |
| Additional members: | Pieter du Toit & Marguerite Smit |

---

## LEDEGELDE & NAAMKAARTJIES 2023

Ledegelde vir 2023 bly steeds R30 per persoon vir die jaar. Betaling kan elektronies in ons bankrekening gemaak word [ABSA; U3A Stilbaai; Rek Nr 9321 782 429.; Spaarrekening], of u kan kontant by ons maandelikse vergadering betaal, of by 'n byeenkoms van 'n groep. Wanneer u elektonies betaal, gee asseblief u naam as die Ontvanger se verwysing, maar stuur ons ook 'n e-pos om betaling te bevestig sodat ons dit kan opskryf – info@u3astilbaai.org.

Ons sal dit waardeer as u nie kontant betaal by die bank of OTM nie. Kontant betaling by die toonbank het 'n transaksiefooi van ongeveer R65 (jou R30 is nie eers helfte hiervan nie!), en inbetaling by 'n OTM kos ons meer as R10 in transaksiefooie.

**NEEM ASSEBLIEF KENNIS:** Lidmaatskap vir 2023 moet voor 31 Maart 2023 hernu word. As u nog nie teen daardie datum hernu het nie, sal u naam van ons ledelys afgehaal word en sal u nie meer ons kennisgewings en nuusbulletins ontvang nie.

U nuwe 2023 naamkaartjie sal nadat u betaal het uitgereik word, hierdie jaar se naamkaartjie het 'n geel agtergrond.

Huidige lede – bring asseblief jul kaarthouer vir die nuwe naamkaartjie.

## MEMBERSHIP FEES & NAME TAGS 2023

Membership Fees for 2023 will remain at R30 per person for the year. Payment can be made by EFT into our bank account [ABSA: U3A Stilbaai; Acc No 9321 782 429; Savings Acc], or you can pay cash at our monthly meeting, or at a gathering of a group. When paying by EFT, please give your name as the Recipient's reference, but also send us an email to confirm payment just to make sure we record it – info@u3astilbaai.org.

It will be sincerely appreciated if you do not pay cash at the bank or ATM. Over the counter payments carry a transaction fee of about R65 (your R30 is not even half of this!) and paying at an ATM costs us more than R10 in transaction fees.

**PLEASE NOTE:** Membership for 2023 must be renewed before 31 March 2023. If you have not renewed by that date, your name will be removed from our membership list and you will no longer receive notices and news bulletins.

Your new 2023 name tag will be issued after you have paid, this year the name tag has a yellow background.

Current members – please bring your name tag holder for the new name tag.

---

## ? GEHEIMSINNIGE LEDE ?

Oor die afgelope paar weke het drie persone ledegelde betaal, maar het net hul voorname as verwysing gegee. Ons weet nie of hulle skaam is om hul van te gee nie, maar as julle dalk weet wie dit is, laat ons weet of vra die persoon om ons te kontak op info@u3astilbaai.org. Die geheimsinnige persone is die volgende:

- Op 25 Januarie het "Lodewyk en Magdalena" R60 elektronies betaal. Ons het tans nie 'n Lodewyk of Magdalena op ons ledelys nie, dus neem ons aan hierdie is nuwe lede.

## ? MYSTERY MEMBERS ?

In the last few weeks three persons paid membership fees, but gave only their first names as reference. We do not know if they're shy about their surname, but if you know who this is, please let us know or ask them to contact us on info@u3astilbaai.org. The mystery persons are:

- On 25 January "Lodewyk en Magdalena" paid R60 by EFT. We do not currently have a Lodewyk or Magdalena on our members list, we thus assume these are new members.
- On 6 February "Sandra" paid R30 by EFT. We have more than one Sandra as members, or this could also be a new member.

- Op 6 Februarie het "Sandra" R30 elektronies betaal. Ons het meer as een Sandra as lede, of hierdie kan ook 'n nuwe lid wees.

---

## JAGERSBOSCH FONDS

Ons Jagersbosch Fonds is in 2016 ingestel om verbeterings en opgraderings in Die Waenhuis te befonds sodat die geriewe tot groter voordeel van Jagersbosch aangewend kan word. In ruil kan U3A Stilbaai Die Waenhuis gratis gebruik vir vergaderings en groep byeenkomstes.

Vanaf 2016 tot einde 2022 was die inkomste en uitgawe van die Fonds as volg:

Inkomste ontvang: R 46 905.20
[Hoofsaaklik donasies (R 26 018) en ook die maandelikse wynloting (R 15 506)].

Donasies uitbetaal: R 43 580.82
[Direkte aankope (projeksie skerm, eerste data-projektor, mikrofoon stel, ens – R 12 169); bydrae aan Jagersbosch vir aankope (huidige data-projektor, kragrugsteunstelsel – R 21 000); herstelwerk en strukturele verbeterings in Die Waenhuis (kassie, luik in plafon, herstel van blindings, verbetering van ligte – R 10 231)].

Meer detail op www.u3astilbaai.org – kyk in die "Wie is ons?" seksie.

## JAGERSBOSCH FUND

Our Jagersbosch Fund was established in 2016 to fund improvements and upgrading In Die Waenhuis so that the benefit of these facilities to Jagersbosch would be enhanced. In exchange U3A Stilbaai can use Die Waenhuis free for meetings and group gatherings.

From 2016 to the end of 2022, the revenue and expenditure of the Fund were as follows:

Revenue received: R 46 905.20
[Mainly donations (R 26 018) and also the monthly wine raffle (R 15 506)].

Donations paid: R 43 580.82
[Direct acquisitions (projection screen, first data projector, microphone set, etc – R 12 169); contributions to Jagersbosch for purchases (current data projector, power back-up system – R 21 000); repairs and structural improvements in Die Waenhuis (cabinet, trapdoor in ceiling, repair of blinds, improvements to lights – R 10 231)].

More detail on www.u3astilbaai.org – look in the "Who are we?" section.

---

## U3A STILBAAI GROEPE

U3A Stilbaai het verskeie groepe wat aktiwiteite vir lede aanbied. Meer inligting oor die groep aktiwiteite is op ons webtuiste: www.u3astilbaai.org.

Onthou asseblief dat die minimum koste vir deelname aan groep aktiwiteite is R5 per vergadering of uitstappie. R4 hiervan kan vir groep uitgawes aangewend word en word opgeskryf in 'n groepfonds, R1 gaan na algemene U3A fondse. (Nota: alle groepe het nie spesiale fondse nie, al die groep se fooie gaan na U3A fondse).

- **Aandele Groep**: Die aandele groep hou gereeld samesprekings waar idees oor die aandelemark uitgeruil word. Kontak Deon Grobler by deonenelaine@gmail.com indien u wil aansluit.
- **Astronomie groep**: As u by die groep wil aansluit, kontak Deon by begemannd@gmail.com. Lees meer oor die groep op www.u3astilbaai.org /astronomy.
- **Botaniese Uitstappies**: Hierdie nuwe groep bestudeer interessante inheemse plante op uitstappies in die veld. Kontak vir Christina by stilbaai6674@gmail.com as u belangstel.
- **Fotografie Groep**: Enige lid wat belangstel om by die groep aan te sluit kan Richard by rwebb01@gmail.com kontak. Meer inligting op www.u3astilbaai.org/photography.

## U3A STILBAAI GROUPS

U3A Stilbaai has several groups offering activities to members. More information about the group activities are on our website: www.u3astilbaai.org.

Please remember that the minimum cost of participating in any of the groups, is R5 per meeting or outing. R4 of this is used for group expenses and is recorded in the group's special fund, R1 goes to general U3A funds. (Note: not all groups have special funds, all the group fees goes into U3A funds).

- **Astronomy Group**: If you are interested in joining the group, contact Deon at begemannd@gmail.com Read about the group on www.u3astilbaai.org /astronomy.
- **Bird Group:** The Bird Group involves people interested in bird-watching, as well as co-ordinating the SABAP2 project in Hessequa. Contact Krysia at krysiastenvert@gmail.com if you are interested in joining the group. More information is available on www.u3astilbaai.org/birdgroup.
- **Botanical Walks**: This new group studies interesting indigenous plants during walks in the veld. Please contact Christina at stilbaai6674@gmail.com if you are interested.
- **Hiking Group**: The group normally hikes on Friday mornings. If you want to join the group, contact Karl-

- **Neurowetenskap Groep**: Kontak Jenni by jennisharkey@gmail.com indien u by die groep en/of die Zoom praatjies wil aansluit. Lees oor die groep op www.u3astilbaai.org/neuroscience.
- **Stapgroep**: Die groep stap normaalweg op Vrydag oggende. As u by die groep wil aansluit, kontak Karl-Heinz by karl-heinz@wispernet.co.za. Inligting oor die groep is op www.u3astilbaai.org/hiking.
- **Voëlgroep**: Die Voëlgroep betrek mense wat belangstel in voëlkyk, en koõrdineer ook die SABAP2 projek in Hessequa. Kontak Krysia by krysiastenvert@gmail.com indien u belangstel om by die groep aan te sluit. Meer inligting is op www.u3astilbaai.org/birdgroup.

Heinz at karl-heinz@wispernet.co.za. Information about the group is on www.u3astilbaai.org/hiking.

- **Neuroscience Group**: Please contact Jenni at jennisharkey@gmail.com if you are interested joining the group and/or the Zoom talks. Read more on www.u3astilbaai.org/neuroscience.
- **Photography Group**: Any member interested in joining the group can contact Richard at rwebb01@gmail.com. More information on www.u3astilbaai.org/photography.
- **Shares Group**: The share group holds regular discussions sharing ideas on the share market. Contact Deon Grobler at deonenelaine@gmail.com.

---

## EXPO 2023

Stilbaai Biblioteek organiseer weer 'n Aktiwiteits Expo in die Stilbaai Gemeenskapsaal op 22 Maart 2023 tussen 10h00 en 14h00. Soos in die verlede sal U3A Stilbaai ook hieraan deelneem. Alle lede is welkom om ons uitstalling te kom sien, moedig asseblief ook vriende en familie aan om die dag daar in te loer.

Meer inligting in ons Maart nuus bulletin.

## EXPO 2023

Stilbaai Library is again organising an Activity Expo in the Stilbaai Community Hall on 22 March 2023 between 10h00 and 14h00. As in the past U3A Stilbaai will also participate. All members are welcome to come and see our exhibit, please encourage friends and family to look in on the day.

More information in our March bulletin.

---

## 2023 MAANDELIKSE PRAATJIES

Die voorlopige program vir die eerste paar maande van die jaar is hieronder. Daar mag dalk ‘n verandering kom want ons onderhandel met voornemende sprekers en sommige is net sekere tye beskikbaar.

Maart 27: Martin Groenewald praat oor Toepassings-velde in die Filosofie.

April 24: Pieter van Rooyen gaan oor Wyn gesels.

Mei 29: Prof Rex van Vuuren praat oor drome en hul betekenis.

## 2023 MONTHLY TALKS

The provisional programme for the first few months of tke year is below. There may be a change as we are negotiating with possilble speakers and some are only available at certain times.

March 27: Martin Groenewald talks about Applications in Philosophy.

April 24: Pieter van Rooyen will be chatting about Wine.

May 29: Prof Rex van Vuuren talks about dreams and their meaning.

---

©2023. U3A Stilbaai. www.u3astilbaai.org; info@u3astilbaai.org.